
17 MEI 2026

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | PINKSTER BEGIN: GROOT RUIMTE | JOH. 1:35-39




God ontmoet ons — in elke ruimte van ons lewe...











TORINGKERK

# PINKSTER 2026

## *Ruimtes* waar *God* ons ontmoet

**God ontmoet ons elkeen in verskillende ruimtes en met verskeie perspektiewe. Soms wanneer ons van plek verander, verander ons perspektief — en soms ontmoet God ons juis daar. 'n Balkon laat jou anders kyk as wanneer jy onder staan. 'n Stil kapel laat jou anders luister as 'n besige straat. Hierdie Pinkster-reis help ons om vanuit verskillende hoeke na God en Sy werk te kyk. God ontmoet ons in elke ruimte van ons lewens.**

**SONDAG EREDIENS (17/05)**

09:30 Die Groot Ruimte | Johannes 1:35-39

**MAANDAG (18/05)**

18h00 Die Stilte | 1 Konings 19:11-13

**DINSDAG (19/05)**

18h00 Perspektief | Jesaja 6:1-8

**WOENSDAG (20/05)**

18h00 Herinnering | Joshua 4:1-9

**SONDAG EREDIENS (24/05**

09:30 Uitgestuur | Handelinge 2:1-13

**KOM GENIET 'N KOPPIE SOP EN BROOD VOOR DIE DIENS (18:00).**
**PINKSTER VIND PLAAS IN DIE KERKGEBOU.**

# PINKSTER 2026

Ons tema vir hierdie jaar se Pinkster is "Ruimtes - waar God ons ontmoet". Ons begin hierdie Sondag in die oggenddiens en dan is dit Maandagaand, Dinsdagaand en Woensdagaand van 18:00 af waar ons lekker saam kuier rondom sop en brood en ons is so teen 19:30 klaar.

**Sondag 17 Mei, 09:30**
**18-20 Mei 2026, 18:00**
**Sondag 24 Mei, 09:30**

***Ons benodig nog sop vir Dinsdag- & Woensdag-aande asb. Kontak die kerkkantoor of leraars as jy kans sien om 'n pot te maak vir een of meer van die aand.***





## PINKSTER: NEEM 'N FOTO

Gedurende Pinkster word julle genooi om 'n eenvoudige maar kreatiewe praktyk te doen. Elke persoon neem 'n foto van hulle perspektief ("view") van die diens vanuit die ruimte waar hulle sit of staan.

Dit kan wees:

- die kapel se stilte
- die uitsig van die gallery
- die tuin by die gedenkmuur
- die kerkbanke

Hierdie foto's wys dat elke mens God vanuit 'n unieke perspektief beleef.Gemeentelede kan die foto's stuur in na die TK nommer in HD. Hierdie oefening help ons om visueel te sien hoe verskillende perspektiewe saam 'n groter prent vorm.

# WINTER HOOP

Ons wil graag 'n voorraad items by die kerkkantoor hou om uit te deel waar daar nood is. Indien jy kan help, vra ons asseblief vir warm komberse, mussies, handskoene en klere.

Ons wil ook graag "Jars of Hope" uitdeel en benodig die volgende:

- glashouers
- sopmengsel
- aftrekselblokkies
- rys
- lensies
- pakkies soppoeier

***Baie dankie vir elkeen se omgee, ondersteuning en bydrae — dit maak 'n groot verskil.***



# WYNVEILING DANKIE

Baie baie dankie aan elkeen wat bygedra het om ons Wynveiling weereens 'n sukses te maak. Elke bottel wat geskenk is, kaartjie wat gekoop is, vergadering wat bygewoon is, ietsie wat gegee is - dankie dankie dankie! Dit bly ONS gemeente se geleentheid en ons kan nie sonder jou nie!

Wicus van der Merwe was weereens op sy stukke gewees en ons het die aand saam geniet. Ons het 'n goeie opkoms gehad en is dankbaar vir die goeie finansiele inspuiting met hierdie fondsinsameling- en kuier-geleentheid!






# KERKKANTOOR GESLUIT WOENSDAG 20 MEI

Ons skriba, Anna-Marie, en finansiele administreerder, Annelie, is op 'n kursus Woensdag, 20 Mei. Neem asb kennis dat die kerkkantoor Woensdag toe is. Die leraars kan steeds persoonlik gekontak word. Eposse aan die kerkkantoor sal Donderdag hanteer word.

# JOU BOODSKAP

In Augustus vanjaar vind 'n unieke saamtrek van byna 700 NG dominees plaas. Ons wil daar 'n video-boodskap vir hulle speel wat uit die harte kom van die gemeentes en lidmate wat Kerkbode lees.

Ons wil hoor wat jy sê:
Wat beteken jou gemeente vir jou?
Waarvoor wil jy vir jou dominee dankie sê? ***Stuur vir ons 'n kort video van jouself, waarin jy een van hierdie vrae beantwoord, na Kerkbode se Whatsapp-nommer - 072 378 2618.***



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

TORINGKERK

# dagboek DIE DATUM



17 MEI

**PINKSTER BEGIN**
TORINGKERK | 09:30



18-20 MEI

**PINKSTER-AANDE**
TORINGKERK | 18:00



24 MEI

**PINKSTERFEES**
TORINGKERK | 09:30



24 MEI

**NAGMAAL**
TORINGKERK | 09:30




28 JUN - 19 JUL

**SAFARI KERK**
PAARL | 09:00



26 JUL

**INTERSKOLE DIENS**
TORINGKERK | 18:30

# BAIE GELUK met jou verjaarsdag!

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 17 Mei | Lara Bester | 18 Mei | Edward Leach | 20 Mei | Jani Louw |
| 17 Mei | Ulrich Engelbrecht | 18 Mei | Hanna Rabe | 21 Mei | Lana Hoffmann |
| 17 Mei | Mary Ann Franken | 18 Mei | Ilse Von Wielligh | 21 Mei | Ruan Schäfer |
| 17 Mei | Neve Isaacs | 18 Mei | Lizette Wearne | 22 Mei | Pieter Malan |
| 17 Mei | Coelene Nelson | 19 Mei | Miemie Coetzee | 23 Mei | Niel Brink |
| 18 Mei | Beverly Bester | 19 Mei | Dario Meunier | 23 Mei | Damion Oliver |
| 18 Mei | Chris Burger | 20 Mei | Joshua Bester | 23 Mei | Mariëtte Visser |
| 18 Mei | Linda de Wit | 20 Mei | Dianné Burger | 23 Mei | Danie Visser |

# KINDERS & JEUG

## KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)

Kinderkleingroepe hierdie Sondag. Tema: Mefiboset

## KRUISCONNECT (GR. 8-10)

KruisConnect hierdie Sondag van na kerk tot 11h30.

## TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk Dinsdae aande om 19h00 in die Bo saal.

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 17 Mei**
Joh. 17:1-11

**MAANDAG, 18 Mei**
Jes. 30:18-31

**DINSDAG , 19 Mei**
Rom. 12:3-13

**WOENSDAG, 20 Mei**
Matt. 9:36-10:8

**DONDERDAG, 21 Mei**
Joh. 1:1-18

**VRYDAG, 22 Mei**
Ps. 32

**SATERDAG, 23 Mei**
Esg. 36:24-27

**SONDAG, 24 Mei**
Ps. 104

# DEURKOLLEKTE

## SPESIALE KOLLEKTE: MSINGA

Die Msinga Vennootskap bestaan ui die plaaslike kerkraad saam met gemeente en is instansies uit Kaapland en KZN wat die plaaslike gemeente bystaan met die bekostiging van hul werkkragte en allerlei gemeenskapsprojekte soos evangelisasie uitreike, bouwerk, kleuterskole en die ontwikkeling van handvaardighede.

# KALENDERBORG: MEI

CATHMAR TV & RADIO
9 New Street, Paarl, 7646 | Tel: 021 872 1346
sales@cathmar.co.za | www.cathmar.co.za
Sales and repairs of audio & video equipment. Installation and maintenance of DSTV & Streaming devices.

# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### AFLOSKOSTER

Johan van Rhyn | 084 792 1040 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

**RUSOORD: SONDAE 0M 10:30 IN RUSOORD KAPEL:**
Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek bedien.



# DANKOFFERS

## DANKOFFERS, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

**TORINGKERK ZAPPER**

# TK WHATSAPP

## TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN
BLY IN KONTAK
METJOU
TORINGKERK
GEMEENSKAP
VIA
WHATSAPP

**TORINGKERK WHATSAPP GROEP**

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.